# 2022

## KENNISGEWING VAN
## ALGEMENE JAARVERGADERING




Senwes

# SENWES BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1997/005336/06)

Geagte Aandeelhouer

**Kennisgewing van publikasie van ons geïntegreerde verslag, jaarlikse finansiële state en kennisgewing van algemene jaarvergadering ("AJV")**

Vind hierby aangeheg die kennisgewing van die algemene jaarvergadering (AJV) van Senwes Beperk, wat op Woensdag, **24 Augustus 2022 om 09:00** gehou sal word **by wyse van elektroniese deelname of persoonlike verteenwoordiging by Senwes Hoofkantoor** soos voorsien in die Maatskappywet Nr. 71 van 2008, soos gewysig ("die Wet") en die AVO.

Ooreenkomstig artikel 31(1) van die Wet word u hiermee in kennis gestel dat die Senwes Geïntegreerde Verslag 2022 en die volledige jaarlikse finansiële state beskikbaar sal wees op die Senwes webblad (www.senwes.co.za) vanaf Vrydag, 22 Julie 2022. Indien u sou verkies om 'n gedrukte kopie van die Senwes Geïntegreerde Verslag en volledige jaarlikse finansiële state te ontvang, kan u dit versoek van Senwes Beperk se geregistreerde kantoor, by die adres soos hierbo aangedui, of van die maatskappysekretaris by elmarie.joynt@senwes.co.za.

Die raad van direkteure is verantwoordelik vir hierdie kennisgewing van die AJV en hulle het hulself vergewis van die wesenlikheid, akkuraatheid en balans van openbaarmaking in hierdie kennisgewing van die AJV. Die uitslag van die AJV sal op ZAPS aangekondig word so gou as moontlik na afloop van die vergadering.

**Elmarie Joynt**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**AANGEWESE ADVISEUR**

**6 Julie 2022**

| **Besoek https://smartagm.co.za/ om te registreer** |
|---|
| **Vergadering ID: 196511635** |
| **Om in te skakel, moet u u gebruikersnaam en wagwoord beskikbaar hê, wat versoek kan word van proxy@computershare.co.za. U sal op die adres kan inskakel vanaf Donderdag, 24 Augustus 2022 om 8:30** |

**DIE DOKUMENT IS BELANGRIK EN VERG U ONMIDDELLIKE AANDAG**

*Die definisies op bladsy 4 van die kennisgewing is van toepassing regdeur die dokument, insluitend die dekblad (tensy die konteks uitdruklik andersins aandui).*

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING 2022

## SENWES BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)

(Registrasienommer: 1997/005336/06)

**("Senwes" of "die Maatskappy")**

| **BELANGRIKE DATUMS VIR ALLE AANDEELOUERS:** | **2022** |
|---|---|
| REKORDDATUM VIR KENNISGEWING VAN VERGADERING | 22 Julie |
| REKORDDATUM VIR BYWONING VAN, DEELNAME AAN EN STEMMING BY DIE VERGADERING | 24 Augustus |
| REKORDDATUM VIR FINALE DIVIDEND | 24 Augustus voor 8:00 |
| DATUM VAN ALGEMENE JAARVERGADERING | 24 Augustus om 09:00 |

**KENNIS WORD HIERMEE GEGEE dat die 2022 algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die maatskappy gehou sal word by wyse van elektroniese deelname of persoonlike bywoning op Woensdag, 24 Augustus 2022 om 09:00 om die volgende sake te hanteer.**

**ELEKTRONIES BYWONING**

Die maatskappy het die dienste van Computershare bekom om die AJV op 'n interaktiewe elektroniese platform aan te bied, ten einde afstandsdeelname deur aandeelhouers te vergemaklik. Computershare is ook aangestel as stemopnemer vir die AJV.

Indien u die vergadering wil bywoon en daaraan wil deelneem, moet u vooraf registreer. Indien u wil deelneem aan die AJV maar voor die vergadering vir die voorgestelde besluite wil stem, kan 'n volmag teen nie later as Dinsdag, 23 Augustus 2022 om 16:00, by die Maatskappysekretaris ingedien word.

**PERSOONLIKE BYWONING**

Aandeelhouers kan ook die AJV persoonlik bywoon. Aandeelhouers kan by wyse van volmag stem voor die vergadering. Stemming by die vergadering sal op die elektronies platform geskied.

**Sien asseblief bladsy 14 van hierdie kennisgewing vir verdere besonderhede met betrekking tot elektroniese deelname en stemming. Deelname aan die AJV geskied deur die Lumi webtuiste deur die stappe te volg soos aangedui by [www.smartagm.co.za](http://www.smartagm.co.za).**

## AGENDA

**1. Voorlegging van die jaarlikse finansiële state en verslae**

Die geouditeerde finansiële state van die Senwes Groep, insluitend die verslae van die direkteure en Ouditkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2022, is beskikbaar in opgesomde formaat, tesame met hierdie dokument, en die volledige jaarlikse finansiële state is beskikbaar op die maatskappy se webtuiste by www.senwes.co.za.

**2. Voorlegging van die verslag van die Sosiale en Etiekkomitee**

Die verslag van die Sosiale en Etiekkomitee vir die jaar geëindig 30 April 2022 is beskikbaar in die geïntegreerde verslag op bladsy 67 en die volhoubaarheidsverslag is toeganklik op die maatskappy se webtuiste.

**3. Gewone besluite**

Om die gewone besluite, soos uiteengesit in hierdie kennisgewing van die AJV, te oorweeg en, indien as toepaslik beskou word, goed te keur.

i. Vir 'n gewone besluit om aangeneem te word, word steun benodig van meer as 50% (vyftig persent) van die stemreg wat uitgeoefen is ten opsigte van die besluit.

ii. Kort CV's van die direkteure wat herkiesbaar is en diegene wat aangewys word as lede van die Ouditkomitee, word uiteengesit vanaf bladsy 7 van hierdie kennisgewing van die AJV.

**4. Nie-bindende adviserende stemme**

Om die nie-bindende adviserende stemme te oorweeg en, indien as toepaslik beskou, sodanige stemme te bevestig soos uiteengesit in hierdie kennisgewing van die AJV in die maatskappy se vergoedingsbeleid en vergoedingsverslag.

**5. Spesiale besluite**

Om die spesiale besluite, soos uiteengesit in hierdie kennisgewing van AJV, te oorweeg en, indien as toepaslik beskou, goed te keur.

Vir 'n spesiale besluit om aangeneem te word, word die steun benodig van minstens 75% (vyf en sewentig persent) van die totale aantal stemme wat deur die aandeelhouers uitgeoefen is ten opsigte van die besluit.

Ingevolge artikels 59(1)(a) en (b) van die Wet, is die rekorddatum wat gebruik word vir doeleindes om te bepaal of die aandeelhouers van die maatskappy geregtig is om die kennisgewing van AJV te ontvang (die datum waarop 'n aandeelhouer as sulks geregistreer moet wees in die maatskappy se register van aandeelhouers ten einde geregtig te wees om die kennisgewing van AJV te ontvang), is Vrydag, 22 Julie 2022.

Die laaste dag waarop Senwes aandele verhandel kan word en die rekorddatum waarop 'n aandeelhouer as sulks aangedui kan word in die aandeleregister van die maatskappy ten einde geregtig te wees om die AJV by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem, is Dinsdag, 23 Augustus 2022 voor 16:00.

**BELANGRIKE DEFINISIES**:

In hierdie kennisgewing, tensy anders aangedui of tensy die konteks anders aandui, sal woorde en frases in die eerste kolom die betekenis hê soos daarteenoor aangedui in die tweede kolom, verwysings na die enkelvoud sal die meervoud insluit en *vice versa*, woorde wat een geslag aandui sal die ander geslag insluit en uitdrukkings wat natuurlike persone aandui, sal regspersone en verenigings van persone aandui:

| | |
|---|---|
| "Aandeelhouers" | beteken die geregistreerde aandeelhouers van die maatskappy, soos gereflekteer in die aandeelhoudersregister van tyd tot tyd; |
| "AJV" | beteken hierdie algemene jaarvergadering van aandeelhouers; |
| "AVO" | beteken die Akte van Oprigting van die maatskappy, soos goedgekeur op 24 Augustus 2016, soos gewysig; |
| "Computershare" | die fasiliteerder van hierdie virtuele AJV; |
| "Direksie" of "Senwes Direkteure" | beteken die raad van direkteure van Senwes; |
| "KING IV" | beteken die King IV Verslag oor Korporatiewe Beheer; |
| "Maatskappy" | beteken Senwes; |
| "Rekorddatum" | beteken die datum waarop aandeelhouers geregistreer as sulks in die aandeelhouersregister, geregtig is om die kennisgewing van die vergadering te ontvang en/of om deel te neem aan die vergadering en daarop te stem vir die besluite soos voorgelê en om 'n dividend te ontvang; |
| "Senwes" | beteken Senwes Beperk, registrasienommer 1997/005336/06, 'n publieke maatskappy as sodanig geregistreer en geïnkorporeer, met beperkte aanspreeklikheid, ingevolge die wette van Suid-Afrika; |
| "Wet" | beteken die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008, soos gewysig. |

## A. VOORLEGGING VAN DIREKSIEVERSLAG EN JAARLIKSE FINANSIëLE STATE SOOS ONDERSTEUN DEUR DIE OUDITKOMITEEVERSLAG

Om die volgende aan die vergadering voor te lê -

- die direksieverslag en geouditeerde jaarlikse finansiële state van die maatskappy vir die periode geëindig 30 April 2022*, en
- die Ouditkomiteeverslag,

soos goedgekeur deur die raad van direkteure.

*(*'n afskrif van die volledige jaarverslag vir die vorige finansiële jaar is op versoek beskikbaar by die Maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die maatskappy)*

## B. GEWONE BESLUITE

Om die volgende 6 (ses) gewone besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

### 1. Gewone besluit nommer 1: Heraanstelling van ouditeure

**"Besluit om** Ernst & Young Ing., soos genomineer deur die maatskappy se Ouditkomitee, as onafhanklike eksterne ouditeure van die maatskappy aan te stel om die amp te beklee tot na afloop van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy."

***Rede en gevolg***

*Die rede vir gewone besluit nr. 1 is dat die maatskappy se ouditeure elke jaar ingevolge die Wet by die AJV van die maatskappy aangestel of heraangestel moet word. Die aangewese ouditvennoot is mnr Derek Engelbrecht.*

### 2. Gewone besluit nommer 2: Bekragtiging van finale dividend

**"Besluit om** die aanbeveling van die raad van direkteure dat 'n finale dividend van 34 sent per aandeel en 'n spesiale dividend van 56 sent per aandeel verklaar moet word, ooreenkomstig Artikels 20.2.4.4 en 35.1 van die AVO, te bekragtig."

*Beide dividende, minus dividendbelasting indien van toepassing, sal aan aandeelhouers wat as sulks geregistreer is, betaal word op 29 Augustus 2022).*

***Rede en gevolg***

Die rede vir gewone besluit nr. 2 is om aan aandeelhouers die geleentheid te gee om die finale dividend verklaar deur die direksie, te oorweeg en te bekragtig ingevolge artikel 20.2.4.4. Ooreenkomstig artikel 35.5 van die maatskappy se AVO, mag die vergadering nie 'n groter dividend verklaar as die dividend wat deur die raad van direkteure aanbeveel is nie.

### 3. Gewone besluit nommer 3: Verkiesing van uittredende nie-uitvoerende direkteure en bevestiging van aanstelling van nie-uitvoerende direkteure

a) In terme van die rotasieprogram soos aanvaar deur die direksie ooreenkomstig die AVO, moet mnre. Danie Minnaar en Dries Kruger asook Me Venete Klein uittree. Mnr Kruger het verkies om af te tree en is derhalwe nie beskikbaar vir herverkiesing nie.

b) Mnr Steve Booysen is as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur op die direksie aangestel in 2010 en moet jaarliks uittree na voltooiing van 'n diensperiode van 9 jaar of langer in terme van King IV. Mnr Booysen is tans in sy 12de diensjaar. Die direksie het die onafhanklikheid van mnr Booysen teenoor die King IV-beginsels beoordeel en beveel hom aan vir herverkiesing. Mnr Booysen is beskikbaar vir herverkiesing vir 'n verdere dienstermyn en word derhalwe, as aftredende direkteur, outomaties vir die bestaande vakature op die direksie genomineer.

c) Aandeelhouers is ook geregtig om benewens die uittredende direkteure, ander persone te nomineer as direkteure in terme van artikel 26 van die AVO. Die direksie het besluit om nie die vakature wat deur die uittrede van Mnr Kruger veroorsaak is, te vul nie aangesien dit van mening is dat die direksie te groot geraak het as gevolg van samesmeltingsaktiwiteite. Gevolglik is die aantal nie-uitvoerende direksiesetels verminder na 11.

Aandeelhouers word derhalwe versoek om 3 (drie) direkteure vir die 3 (drie) vakatures wat ontstaan het weens die uittredes in terme van die rotasieprogram, te verkies.

Die direksie beveel die herverkiesing van al hierdie direkteure aan.

***Rede en gevolg***

*Die rede vir en gevolg van gewone besluite nr. 3.1 tot 3.3 is om die nuwe aanstellings te bekragtig en om die direkteure wat uittree in terme van die AVO van die maatskappy, te verkies.*

**<u>DIE KANDIDATE WAT UITTREE IS SOOS VOLG (IN ALFABETIESE ORDE):</u>**

**SF (Steve) Booysen**
**JDM (Danie) Minnaar**
**VJ (Venete) Klein**

**<u>Belangrike inligting:</u>**

Geen persoon behalwe die direkteur wat by die vergadering uittree, mag as direkteur verkies word nie, tensy sodanige persoon vooraf genomineer is in terme van artikel 26.3 van die AVO. Nominasies van persone wat geregtig is om as direkteure te dien in terme van die Wet en AVO van die maatskappy, kan gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat by die maatskappysekretaris beskikbaar is.

Voltooide nominasievorms moet by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ingedien word (vir aandag: Die maatskappysekretaris), minstens 45 dae voor die datum van die vergadering.

**3.1** **Gewone besluit nr. 3.1: "Besluit dat** mnr Steve Booysen herkies word as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Stefanes Francois Booysen |
| Besigheidsadres: | Posbus 104, Cornwall Hill, 0178 |
| Geboortedatum en ouderdom: | 17 Junie 1962 - 60 jaar |
| Diensjare: | Direkteur sedert Oktober 2010 |
| Kwalifikasies: | B. Compt (Hons) (Rek), D. Com, GR (SA) |
| Beroep/Posisie: | Mnr Booysen is die voormalige groep hoof uitvoerende beampte van die Absa Groep Beperk en hou verskeie direkteurskappe regoor Korporatief SA. Hy is die Ondervoorsitter en leidinggewende onafhanklike direkteur van die Senwes |

| | |
|---|---|
| | direksie. Hy is ook die voorsitter van die Oudit- en Beleggingskomitees en lid van die Nominasie- en Vergoedingskomitees. |
| Kontakbesonderhede: | Tel. nr. 082 453 5517<br>e-pos: steve.booysen@telkomsa.net |

3.2 **Gewone besluit nr. 3.2: "Besluit dat** mnr JDM Minnaar herkies word as nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Jan Daniel Marquard Minnaar |
| Besigheidsadres: | Springboklaagte, Posbus 7165, Kroonpark,9502 |
| Geboortedatum en ouderdom: | 30 Januarie 1965 - 57 jaar |
| Diensjare: | Direkteur sedert September 1999 |
| Kwalifikasies: | BCom |
| Beroep/Posisie: | Mnr Minnaar boer sedert 1988 in die Kroonstad distrik en is geruime tyd reeds deel van die landbousektor. Hy is voorsitter van Senwes, voorsitter van die Nominasiekomitee en lid van die Beleggingskomitee van Senwes. |
| Kontakbesonderhede: | Tel. nr. 082 411 9979<br>e-pos: danie@compuking.co.za |

3.3 **Gewone besluit nr. 3.3: "Besluit** dat Me VJ Klein herkies word as nie-uitvoerende direkteur."

**Verkorte curriculum vitae**

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | Venete Jarlene Klein |
| Besigheidsadres: | Lavenderstraat 17, Boardwalk Manor Estate, Pretoria |
| Geboortedatum en ouderdom: | 14 September 1958 - 64 jaar |
| Diensjare: | Direkteur sedert Julie 2019 |
| Kwalifikasies: | Verskeie uitvoerende bestuursontwikkelingsprogramme van Harvard, Insead en MIT. Ervare direkteur met uitgebreide ondervinding in die finansiële en banksektor. |
| Beroep/Posisie: | HUB van Klein Ing. Bestuurskonsultante, lid van die KLK direksie, lid van die Senwes Risiko- en Sosiale en Etiekkomitees. |
| Kontakbesonderhede: | Sel. nr. 082 412 5759<br>e-pos: venete@kleininc.co.za |

## 4. Gewone besluit nommer 4: Verkiesing van lede van die Senwes Ouditkomitee

**"Besluit om** die volgende nie-uitvoerende direkteure van die maatskappy (gewone besluite nr. 4.1 tot 4.4) individueel as lede van die Senwes Ouditkomitee aan te stel tot die volgende algemene jaarvergadering. Die direksie beveel aan dat die Ouditkomitee sal bestaan uit 4 (vier) nie-uitvoerende direkteure.

| ***Name (in alfabetiese orde)*** | ***Kwalifikasies*** |
|---|---|
| ***Gewone besluit nr. 4.1*** | |
| ***SF (Steve) Booysen*** | *B. Compt (Hons) (Unisa), D. Com (UP), GR (SA), Direkteur van verskeie genoteerde maatskappye en besigheidsentiteite. Verwys na paragraaf 3 hierbo.* |

***Gewone besluit nr. 4.2***

| | |
|---|---|
| ***JJ (Jaco) Minnaar*** | *B.Ing. Landbou. Mnr Minnaar boer sedert 1999 as die 4de generasie boer op die plaas Uitsny, Hennenman. Hy is sedert 2000 betrokke in verskeie georganiseerde landbouleierskapstrukture, waaronder Vrystaat Landbou, Graan SA en Agri SA. Hy was die voorsitter van Graan SA (2016-2020) en dien ook op die direksie van Agribel Beherend. Hy is die voorsitter van die Risikokomitee en 'n lid van die Vergoedingskomitee van Senwes.* |

***Gewone besluit nr. 4.3***

| | |
|---|---|
| ***JPN (Pieter) Stander*** | *B. Agric Admin (Hons) Landbou-ekonomie. Mnr Stander is die ondervoorsitter van KLK en lid van die Senwes Ouditkomitee sedert 2019. Mnr Stander boer in die Upington gebied.* |

***Gewone besluit nr. 4.4***

| | |
|---|---|
| ***AG (Andrew) Waller*** | *Geoktrooieerde Rekenmeester (SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters), HUB en direksielid van Grindrod Bpk. Dien ook op die direksie van die Spar Groep. Hy dien ook op die Senwes Beleggingskomitee.* |

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van gewone besluite nr. 4.1 tot 4.4 is om lede op die Ouditkomitee van die maatskappy aan te stel soos vereis ingevolge Artikel 94(2) van die Wet.*

**5. Gewone besluit nommer 5: Aanstelling van Sosiale en Etiekkomitee**

**"Besluit om** ondergenoemde direkteure aan te stel as lede van die maatskappy se Sosiale en Etiekkomitee ingevolge Artikel 72 van die Wet. Die direksie beveel aan dat die volgende direkteure as lede van die komitee aangestel word.

| ***Name*** *(in alfabetiese orde)* | ***Kwalifikasies*** |
|---|---|
| ***VJ (Venete) Klein*** | *Verskeie uitvoerende bestuursontwikkelings-programme by Harvard, Insead en MIT. Ervare direkteur met uitgebreide ervaring in die finansiële en banksektor.* |
| ***JS (Kobus) Marais*** | *B-graad in Landboubestuur. Mnr Marais was die voorsitter van die Sosiale en Etiekkomitee vir die jaar onder oorsig en is die voorsitter van KLK Landbou.* |
| ***GL (Gert) Malherbe*** | *B.Agric. Mnr Malherbe is 'n boer en besigheidsman wat besigheid uit die Hertzogville gebied bedryf. Hy het ook as direkteur op die direksie van die Suidwes Groep gedien. Hy dien ook op die direksie van Agribel Beherend.* |
| ***JJ (Hansie) Viljoen*** | *B.Agric. Mnr Viljoen was die voorsitter van Suidwes vir baie jare en is 'n gerespekteerde besigheidsman en boer in die Leeudoringstad gebied. Hy dien ook op die direksie van Agribel Beherend.* |

***Rede en gevolg:***

*Ingevolge die bepalings van regulasie 43 van die Wet, moet die maatskappy 'n Sosiale en Etiekkomitee hê. Hierdie komitee is vir die eerste keer in 2012 aangestel. Die direksie beveel aan dat die komitee moet bestaan uit vier lede soos hierbo uiteengesit.*

**6. Gewone besluit nommer 6: Algemene magtiging om aandele toe te ken en uit te reik**

"**Besluit dat,** as 'n algemene magtiging, maar onderhewig aan die noteringsvereistes van enige gelisensieerde beurs (indien van toepassing) en artikel 41 van die Wet, die gemagtigde, maar onuitgereikte aandelekapitaal, soos op die datum van hierdie besluit, hiermee onder die beheer van die direkteure van die maatskappy geplaas word, tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering, om sodanige aandele uit te reik en toe te ken aan sodanige persone en op sodanige terme en voorwaardes as wat die direkteure in hul uitsluitlike diskresie mag goeddink."

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir gewone besluit nr. 6 is om die gemagtigde, maar onuitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy, onder beheer van die direksie te plaas. Hierdie magtiging word jaarliks versoek en duur tot en met die volgende algemene jaarvergadering.*

*Die magtiging word versoek ten einde die direksie in staat te stel om uitvoering te gee aan die maatskappy se strategieë in terme van groei, uitreiking van aandele aan moontlike nuwe besigheidsvennote en/of bestaande aandeelhouers, die verkryging van verdere kapitaal of die uitreiking van aandele vir doeleindes van swart ekonomiese bemagtiging of personeelaansporingsinisiatiewe. Ingevolge artikel 41 van die Wet is die direksie reeds gemagtig om aandele uit reik, onderhewig aan sekere voorwaardes. Indien die direksie meer as 30% van die reeds uitgereikte aandelekapitaal wil uitreik, word aandeelhouersgoedkeuring vooraf vereis.*

*Ingevolge die Wet moet aandeelhouers ook magtiging verleen by wyse van 'n spesiale besluit wanneer aandele aan direkteure en/of aangewese amptenare en/of verwante partye uitgereik sou word. Hierdie magtiging is reeds by die 2011 algemene jaarvergadering verleen en is nie teruggetrek nie.*

## C. NIE-BINDENDE ADVISERENDE STEMME

***1. Nie-bindende adviserende stem nommer 1***

***Die maatskappy se vergoedingsbeleid***

**BESLUIT** om, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem, die maatskappy se vergoedingsbeleid (uitgesluit die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure en lede van direksiekomitees) te bevestig, soos uiteengesit op bladsy 72 van die geïntegreerde verslag.

***2. Nie-bindende adviserende stem nommer 2***

***Die maatskappy se vergoedingsverslag***

**BESLUIT** om, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem, die maatskappy se vergoedingsverslag (uitgesluit die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure en lede van direksiekomitees) te bevestig, soos uiteengesit op bladsy 73 en verder van die geïntegreerde verslag.

***Motivering vir nie-bindende adviserende stemme nommers 1 en 2***

*King IV vereis van 'n maatskappy om sy vergoedingsbeleid en implementeringsverslag voor te lê vir afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouers by die AJV. Hierdie stem stel aandeelhouers in staat om hul menings met betrekking tot die vergoedingsbeleide wat aanvaar is en die implementering daarvan, te lug.*

*Hierdie stemme is adviserend van aard en versuim om een of beide goed te keur, sal dus nie enige regsgevolge met betrekking tot bestaande reëlings hê nie. Selfs al is hierdie besluit nie-bindend, indien meer as 25% van die stemreg wat uitgeoefen word daarteen is, sal die direksie, soos aanbeveel deur King IV, sekere maatreëls implementeer, wat sal insluit 'n uitnodiging aan andersdenkende aandeelhouers (diegene wat teen die beleid en/of verslag gestem het) om met die maatskappy in gesprek te tree, ingesluit die wyse en tyd van sodanige gesprek.*

## D. SPESIALE BESLUITE

Om die volgende 2 (twee) spesiale besluite te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aan te neem:

### 1. Spesiale besluit nommer 1: Goedkeuring van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure

***"Besluit dat:***

Ingevolge Artikel 66(9) van die Wet, die betaling van die vergoeding vir die dienste as nie-uitvoerende direkteure van Senwes goedgekeur word vir die tydperk 1 September 2022 tot 31 Augustus 2023, soos uiteengesit in die onderstaande tabel:"

| **KATEGORIE** | **Voorgestelde retensiefooi (jaarlikse fooi)** | **Voorgestelde direksiekomiteefooie addisioneel tot die jaarlikse fooi** |
|---|---|---|
| | **Uitgesluit belasting op toegevoegde waarde** | |
| | **R** | **R** |
| Voorsitter (per jaar)* | 834,356 | |
| Ondervoorsitter (per jaar) | 491,255 | |
| Direkteure (per jaar) | 341,151 | |
| **Voorsitters:** | | |
| Ouditkomitee | | 266,559 |
| Vergoedingskomitee | | 193,632 |
| Risikokomitee | | 193,632 |
| Ander direksiekomitees | | 131,548 |
| **Komiteelede:** | | |
| Lede van Ouditkomitee | | 143,868 |
| Lede van Vergoedingskomitee | | 98,761 |
| Lede van Risikokomitee | | 98,761 |
| Lede van ander direksiekomitees | | 67,677 |

| | |
|---|---|
| *Voorsitter is *ex officio* lid van alle direksiekomitees en word addisioneel vergoed vir komiteevergaderings bygewoon | |
| Reiskoste (huidige AA-tarief, gebaseer op die waarde van 'n voertuig met aankoopwaarde van R500 000 en 'n enjinkapasiteit van 2501cc tot 3000cc en 45 000 km of meer gereis per jaar) | |
| Reis- en verblyfkoste | **Werklike koste** |

***Rede en gevolg:***

*Ooreenkomstig die bepalings van artikel 28.1 van die Akte, is nie-uitvoerende direkteure geregtig op sodanige vergoeding as wat die maatskappy van tyd tot tyd tydens 'n algemene jaarvergadering mag bepaal. Artikel 66(9) van die Wet vereis dat die vergoeding goedgekeur word by wyse van 'n spesiale besluit geneem deur aandeelhouers en derhalwe word die vergoeding aldus voorgelê.*

*Die gevolg van spesiale besluit nommer 1, indien goedgekeur, is dat die maatskappy in staat sal wees om sy nie-uitvoerende direkteure te vergoed vir die dienste wat hulle aan die maatskappy lewer as direkteure, tot die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.*

*Die uitvoerende direkteure van die maatskappy ontvang nie enige vergoeding vir hul dienste as direkteure van die maatskappy nie, maar word vergoed as werknemers van die maatskappy ingevolge hul geskrewe dienskontrakte.*

*Besonderhede van die vergoeding betaal vir die jaar geëindig 30 April 2022 is beskikbaar in die geïntegreerde verslag (verwys na www.senwes.co.za).*

**2. Spesiale besluit nr. 2: Algemene magtiging aan die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy om die maatskappy se aandele te verkry**

**"Besluit dat:**

Die aandeelhouers van die maatskappy hiermee by wyse van 'n algemene magtiging, deur 'n enkele of 'n reeks transaksies, goedkeuring verleen vir:

(a) die koop van enige van sy aandele deur die maatskappy of enige filiaal van die maatskappy, hetsy deur 'n enkele transaksie of 'n reeks transaksies; en

(b) die koop van en/of oordrag aan die maatskappy van enige van sy aandele aangekoop deur enige van sy filiale ooreenkomstig (a) hierbo,

teen sodanige prys en op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede soos wat die direkteure van die maatskappy of sy filiale van tyd tot tyd mag besluit, maar onderhewig aan die bepalings van die Wet, 'n beurs se noteringsvereistes (indien van toepassing), en onderhewig aan sodanige ander voorwaardes soos deur enige ander toepaslike gesagsliggaam opgelê mag word, met dien verstande dat:

- magtiging slegs tot en met die datum van die maatskappy se volgende algemene jaarvergadering geldig sal wees;
- die algemene magtiging om ooreenkomstig (a) hierbo aandele in die maatskappy te koop in enige 1 (een) finansiële jaar beperk word tot 'n maksimum van 20% (twintig persent) van die maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal van daardie klas op die datum wat die magtiging verleen word;
- die direksie van die maatskappy besluit het om (i) die koop van aandele in die maatskappy te magtig, (ii) dat die maatskappy die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in die Wet geslaag het, en (iii) dat, sedert die solvensie- en likiditeitstoets toegepas is, geen wesenlike verandering in die finansiële posisie van die maatskappy en sy filiale ("die Groep") plaasgevind het nie;
- die maatskappy of sy filiale nie gedurende 'n geslote tydperk aandele mag terugkoop nie, tensy 'n terugkoopprogram in plek is waarin die datums en aantal aandele wat gedurende die betrokke tydperk verhandel mag word, vasgestel is en waar volledige besonderhede van die program voor die aanvang van die geslote tydperk in 'n aankondiging aan die algemene publiek en aandeelhouers bekendgemaak is."

***Rede en gevolg:***

*Die rede vir en gevolg van spesiale besluit nr. 2 is om algemene magtiging te verleen ingevolge die Akte en/of die Wet om die direksie van die maatskappy, of enige van die maatskappy se filiale, in staat te stel om aandele te verkry wat deur die maatskappy uitgereik is, insluitend die daaropvolgende koop of oordrag aan die maatskappy van enige aandele aldus deur sy filiale verkry.*

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 45 VAN DIE WET

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat, in ooreenstemming met artikel 45 van die Wet, die maatskappy in terme van ’n spesiale besluit van aandeelhouers verleen by die 2019 algemene jaarvergadering, besluit het om finansiële bystand aan verwante of inter-verwante maatskappye van die maatskappy, toe te staan soos bedoel in artikel 45(5) van die Wet.

In terme van artikel 45(5) van die Wet, word aandeelhouers verder in kennis gestel dat die direksie tevrede is, onderworpe aan die bepalings van die direksiebesluit en opvolgende magtiging, dat:

- onmiddellik na die verskaffing van finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die vereistes van die solvensie- en likideitstoetse soos bedoel in artikel 4 van die Wet; en
- die terme waaronder die voorgenome finansiële bystand verleen sal word, regverdig en redelik vir die maatskappy sal wees en aan al die toepaslike vereistes en beperkings ten opsigte van finansiële bystand, soos uiteengesit in die AVO, voldoen word ooreenkomstig artikel 45(4) van die Wet.

Gedurende die jaar onder oorsig en vir die periode 1 November 2021 tot 30 April 2022 het die direksie R15,212 miljard as lenings of finansiële bystand goedgekeur en geratifiseer.

Hierdie kennisgewing dui aan dat die maatskappy van mening is dat daar voldoen is aan die kennisgewings-vereistes in terme van die Wet. Die maatskappy beklemtoon dat die verlening van finansiële bystand tussen verwante en inter-verwante maatskappye standaardpraktyk is wat konsekwent toegepas is deur die Senwes Groep oor baie jare.

## STEMMING EN BELANGRIKE ALGEMENE NOTAS

### STEMMING PER VOLMAG VOOR DIE AJV

- 'n Aandeelhouer wat nie in staat is om die vergadering by te woon nie, kan 'n gevolmagtigde aanstel om hom/haar by die vergadering te verteenwoordig en namens hom/haar daarop te praat.
- 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.
- Ten einde die administrasie van die vergadering te vergemaklik, word aandeelhouers aangemoedig om volmagvorms so gou as moontlik voor die aanvang van die vergadering in te handig.
- **'n Volmagvorm word hierby ingesluit. Volmagvorms kan ook na keuse van die aandeelhouer elektronies ingedien word.**
- Aandeelhouers wat verkies om by wyse van volmag teenwoordig te wees en te stem –

  i) mag 'n **harde kopie van die volmagvorm** ooreenkomstig die instruksies op die keersy van die dokument voltooi en inhandig by of terugstuur aan die maatskappysekretaris by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 of by wyse van faks of per e-pos, vir aandag die maatskappysekretaris. Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570. Faks nr. 086 680 3124 of e-pos: claudi.smit@senwes.co.za.

  **OF**

  ii) **Mag die volmag elektronies indien via die internet**. Vir hierdie doel kan die volgende webtuiste gebruik word: ***www.senwes.co.za***. Die notas op die keersy van die ingeslote volmagvorm rakende die voltooiing van die volmag is *mutatis mutandis* van toepassing op die elektroniese volmagvorms.

- Nominasievorms vir die verkiesing van direkteure sal beskikbaar wees en kan bekom word van die maatskappysekretaris vanaf 22 Julie 2022.
- Enige aandeelhouer wat navrae het met betrekking tot die AJV of bostaande, moet die maatskappysekretaris, Elmarie Joynt, skakel by +27 (0)18 464 7104 of elmarie.joynt@senwes.co.za
- Die uitslag van die vergadering aangekondig word en op die maatskappy se webtuiste geplaas word so gou as prakties moontlik, maar nie later as 48 uur na die afsluiting van die vergadering nie.

## DEELNAME EN STEMMING BY DIE AJV

- Die AJV sal in geheel by wyse van elektroniese kommunikasie gehou word (insluitend stemming by die AJV), soos bedoel in artikel 63(2)(a) van die Maatskappywet. Die prosedure vir deelname by wyse van elektroniese kommunikasie, word hieronder uiteengesit.
- As deel van die registrasieproses sal u versoek word om bewys van identiteit (bv. identiteitsdokument, bestuurslisensie of paspoort) op die stelsel te laai en om besonderhede te verskaf, soos u naam, van, e-posadres, kontaknommer en aantal Senwes aandele wat gehou word.
- Na suksesvolle registrasie, sal Computershare u voorsien van 'n gebruikernaam en wagwoord wat u in staat sal stel om elektronies by die AJV aan te sluit.
- Deelname aan die AJV is deur die Lumi webtuiste deur die stappe te volg soos uiteengesit by www.smartagm.co.za.
- Sodra www.web.lumiagm.com in die web ingevoer is, sal die gebruiker versoek word om die vergadering ID in te voer, gevolg deur 'n versoek om die volgende inligting van die gebruiker in te voer:

  (a) gebruikernaam;
  (b) wagwoord.

  Die vergadering ID is: **196511635**
- Om in te skakel, moet gebruikers 'n gebruikernaam en wagwoord hê wat versoek kan word vanaf proxy@computershare.co.za as deel van die registrasieproses, of deur op www.smartagm.co.za te registreer.
- Die elektroniese kommunikasie wat gebruik word, sal alle persone wat aan die AJV deelneem, in staat stel om gelyklopend met mekaar te kommunikeer sonder 'n tussenpersoon en om effektief aan die AJV deel te neem. Stemming sal moontlik gemaak word via elektroniese kommunikasie. Sodra die AJV 'n aanvang geneem het, sal deelnemers via die stemplatform kan stem.
- Alhoewel stemming via die elektroniese platform tydens die AJV toegelaat sal word, word aandeelhouers aangemoedig om per volmag voor die AJV te stem. Aandeelhouers wat 'n volmag indien voor die AJV, maar wat steeds die verloop van die vergadering wil waarneem, kan Computershare skakel by proxy@computershare.co.za, ten einde toegangsbesonderhede te bekom.
- Aandeelhouers word ook aangemoedig om enige vrae per e-pos aan die maatskappysekretaris te rig by elmarie.joynt@senwes.co.za, teen nie later nie as 16:00 op Dinsdag, 23 Augustus 2022. Daar sal ook 'n fasiliteit beskikbaar wees vir vrae op die virtuele platform gedurende die AJV.
- Aandeelhouers sal aanspreeklik wees vir die koste wat deur hulle aangegaan word om die AJV by te woon. Aandeelhouers sal ook verantwoordelik wees om te verseker dat hulle ononderbroke toegang tot die AJV het. Nie Senwes of sy diensverskaffers sal aanspreeklik gehou kan word vir aspekte soos verlies aan netwerkkonnektiwiteit, netwerkfaling weens onvoldoende lugtyd/internet, konnektiwiteit/kragonderbrekings of enige soortgelyke gebeurtenisse wat aandeelhouers sal verhoed om die AJV by te woon, daaraan deel te neem of daarop te stem nie.
- Senwes kan nie waarborg dat daar nie 'n onderbreking in elektroniese kommunikasie sal wees wat buite die beheer van die maatskappy is nie.

In opdrag van die raad van direkteure van die maatskappy.



***EM Joynt (Mev)***
**MAATSKAPPYSEKRETARIS** ***Tel nr. (018) 464 7104***
**KLERKSDORP**
**6 Julie 2022**

**AANDEELHOUERSREGTE**
**OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE WET**

Nieteenstaande die inhoud van die notas hierin vervat, moet aandeelhouers kennis neem van die bepalings van artikel 58 van die Wet:

1. ʼn Aandeelhouer van ʼn maatskappy kan, op enige tydstip en ooreenkomstig die bepalings van artikel 58 van die Wet, enige individu (insluitend ʼn individu wat nie ʼn aandeelhouer is nie) as gevolmagtigde aanstel om namens die aandeelhouer deel te neem aan, en te praat en te stem by ʼn aandeelhouersvergadering;

2. ʼn gevolmagtigde kan sy of haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan ʼn ander persoon delegeer, behoudens enige beperking wat uiteengesit word in die instrument wat die gevolmagtigde aanstel;

3. ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om ʼn gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van ʼn gevolmagtigde op enige tydstip opgeskort en in die mate wat die tersaaklike aandeelhouer kies om direk en persoonlik in die uitoefening van enige sodanige regte as aandeelhouer op te tree (sien nota 4 hieronder);

4. die aanstelling van ʼn gevolmagtigde deur ʼn aandeelhouer is herroepbaar, tensy die vorm van die instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel, anders aandui;

5. indien die aanstelling herroepbaar is, kan ʼn aandeelhouer die aanstelling van ʼn gevolmagtigde herroep deur (i) dit skriftelik te kanselleer, of ʼn strydige nominasie van ʼn gevolmagtigde te maak; en (ii) ʼn kopie van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die maatskappy te lewer;

6. ʼn gevolmagtigde wat deur ʼn aandeelhouer aangestel is, is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer uit te oefen, of buite stemming te bly, sonder opdrag, buiten in die mate wat die tersaaklike maatskappy se Akte van Oprigting, of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal;

7. indien die instrument waarmee ʼn gevolmagtigde of gevolmagtigdes aangestel word deur ʼn aandeelhouer aan ʼn maatskappy gelewer is, en so lank as wat daardie aanstelling van krag bly, moet enige kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet of sodanige maatskappy se Akte van Oprigting deur die maatskappy aan die aandeelhouer gelewer moet word, deur die maatskappy gelewer word aan -
   - die tersaaklike aandeelhouer; of
   - die gevolmagtigde of gevolmagtigdes, indien die aandeelhouer: (i) die maatskappy skriftelik opdrag gegee het om dit te doen; en (ii) enige redelike geld betaal het wat deur die maatskappy gehef word om dit te doen; en

8. indien ʼn maatskappy ʼn uitnodiging aan aandeelhouers rig om een of meer persone aan te stel wat deur die maatskappy as ʼn gevolmagtigde genomineer is, of ʼn vorm van instrument verskaf:
   - moet die uitnodiging na die vergadering waarop die volmag uitgeoefen kan word, aan elke aandeelhouer gestuur word wat geregtig is op kennisgewing van die vergadering;
   - moet die uitnodiging of vorm van instrument wat deur die maatskappy verskaf word:
     - ʼn redelike prominente opsomming van die regte wat deur artikel 58 van die Wet bepaal word, bevat;
     - voldoende oop ruimte bevat onmiddellik voor die naam of name van enige persoon/persone wat daarin genoem word sodat ʼn aandeelhouer die naam, en indien hy/sy wil, ʼn alternatiewe naam van ʼn gevolmagtigde kan neerskryf wat deur die aandeelhouer gekies word; en
     - voldoende ruimte vir die aandeelhouer laat om aan te dui of die aangestelde gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluite) moet stem wat aan die vergadering gestel gaan word, of buite stemming moet bly;
   - moet die maatskappy nie vereis dat die aanstelling van ʼn gevolmagtigde onherroeplik gemaak moet word nie; en
   - die aanstelling van ʼn gevolmagtigde slegs geldig bly tot aan die einde van die vergadering waarop dit beoog was om gebruik te word.

# V O L M A G

## SENWES BEPERK

(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasie nr: 1997/005336/06)
**("Senwes" of "die Maatskappy")**

Ek/ons (*drukskrif*) ________________________________________________
(*naam van aandeelhouer)*

van ________________________________________________ (*adres*)

Aandeelhouers en/of Senwes klant nr: __________________ Tel en/of sel nr: ____________________________

E-posadres: ________________________________________________

synde 'n lid/lede van die maatskappy, stel hierby: ________________________________
(*naam van gevolmagtigde*)

van ________________________________________________ (*adres*)

of indien nie hy nie ________________________________ (*naam van gevolmagtigde*)

van ________________________________________________ (*adres*)

of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde aan om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou word op 24 Augustus 2022 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem:

| | | | TEN GUNSTE VAN | TEEN | BUITE STEMMING |
|---|---|---|---|---|---|
| **1.** | **Gewone besluit nr. 1** | (heraanstelling van ouditeure) | | | |
| **2.** | **Gewone besluit nr. 2** | (bevestiging van finale dividend) | | | |
| **3.** | **Gewone besluit nr. 3** | **(bevestiging van aanstelling en herverkiesing van direkteure):** | | | |
| **3.1** | **Gewone besluit nr. 3.1** | (heraanstelling van SF Booysen) | | | |
| **3.2** | **Gewone besluit nr. 3.2** | (heraanstelling van JDM Minnaar) | | | |
| **3.3** | **Gewone besluit nr. 3.3** | (heraanstelling van VJ Klein) | | | |
| **4.** | **Gewone besluit nr. 4** | **(verkiesing van lede van Senwes Ouditkomitee):** | | | |
| **4.1** | **Gewone besluit nr. 4.1** | SF Booysen | | | |
| **4.2** | **Gewone besluit nr. 4.2** | JJ Minnaar | | | |
| **4.3** | **Gewone besluit nr. 4.3** | JPN Stander | | | |
| **4.4** | **Gewone besluit nr. 4.4** | AG Waller | | | |
| **5.** | **Aanstelling van Sosiale en Etiekkomitee** | | | | |
| **6.** | **Gewone besluit nr. 6** | (magtiging om aandele uit te reik) | | | |
| **7.** | **Nie-bindende adviserende stem nr. 1** | | | | |
| **8.** | **Nie-bindende adviserende stem nr. 2** | | | | |
| **9.** | **Spesiale besluit nr. 1** | (direkteursvergoeding vir die nuwe jaar) | | | |
| **10** | **Spesiale besluit nr. 2** | (algemene magtiging vir die terugkoop van aandele) | | | |

(*Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis in die toepaslike ruimte hierbo voorsien*)
Tensy anders opgedra, kan my/ons gevolmagtigde stem soos hy goed dink. Hierdie volmag sal tydens die vergadering ook as stembrief dien.

GETEKEN te ________________________________ op hierdie _________ dag van ___________________________2022.

________________________________
***Bygestaan deur*** *(indien van toepassing)*

________________________________
***Handtekening***
Indien volmag namens 'n regspersoon onderteken word, dui hoedanigheid aan, bv. direkteur, lid van BK, trustee van 'n trust.

Faks asb. na: ***086 680 3124*** ***of*** E-pos aan: **claudi.smit@senwes.co.za**

**NOTAS:**

1. 'n Lid is geregtig om die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die lid se keuse in die toepaslike ruimte op die keersy in te vul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die vergadering", maar enige sodanige skrapping moet deur die lid geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm staan, en wat by die algemene vergadering teenwoordig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree tot die uitsluiting van diegene waarvan die name daarop volg. Indien geen gevolmagtigde se naam in die blanko ruimtes ingevul word nie, sal geag word dat die voorsitter van die vergadering gevolmagtig is om namens die lid op te tree**.**

2. Na die mate waarin geen stemopdrag deur die lid in die toepaslike ruimte(s) aangedui word nie, sal geag word dat die gevolmagtigde, wat dus ook die voorsitter kan wees, na eie goeddunke mag optree.

3. Enige wysiging of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.

4. Dokumentêre bewys van die magtiging van 'n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid teken, kan vereis word. Aanvaarbare vorms van identifikasie sluit in wettige identiteitsdokumente, bestuurslisensies of paspoorte.

5. 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumentêre bewyse vir sy/haar bevoegdheid aan die maatskappy voorgelê is of word.

6. Boedels wat op die stemlys voorkom, mag slegs deur middel van die betrokke eksekuteur / likwidateur / kurator stem by voorlegging van bewys van aanstelling deur die Meester van die Hoërhof. Indien deur middel van 'n volmag gestem word, moet bogenoemde bewys die volmag vergesel.

7. In die geval van gesamentlike houers van aandele:

    7.1 mag enige een van die gesamentlike houers die volmagvorm teken; en

    7.2 sal die stem van die senior gesamentlike houer (vir hierdie doeleindes sal senioriteit bepaal word deur die volgorde waarin die name van die gesamentlike houers in die maatskappy se aandeelregister aangeteken is) wat 'n stem aanbied (hetsy in persoon of by wyse van volmag) aanvaar word tot die uitsluiting van die ander gesamentlike houer(s).

8. Die voltooiing en indiening van hierdie volmagvorm verhoed nie die betrokke lid om die algemene jaarvergadering by te woon, daarop te praat en persoonlik daarop te stem nie tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde hieringevolge aangestel, indien sodanige lid aldus verkies is.

9. Volmagvorms moet aan die maatskappysekretaris van die maatskappy, mev EM Joynt, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571 (Posbus 31, Klerksdorp, 2570), besorg word om haar te bereik nie later nie as 16:00 op Dinsdag, 23 Augustus 2022.

    Volmagvorms kan ook aan die maatskappysekretaris per faks gestuur word na faks nrs. 086 680 3124 of (018) 464 2228 of per e-pos na claudi.smit@senwes.co.za of ingedien word via die Internet voor of op bogemelde datum.

10. Aandeelhouers word verwys na die belangrike bepalings in terme van Artikel 58 van die Wet soos hieronder aangedui.